13 Januarie 2015

# NUUS IN DIE BRANDING 1 / 2015



| **Provinsiale Sekretaris / *Provincial Secretary*** | **Voltydse Vakbondverteenwoordiger / *FSS*** |
|---|---|
| Me Wilma Henn<br>E-pos: wilmah@saou.co.za<br>Tel: 086 072 6843 Sel: 083 407 5529<br>Faks: 086 670 3795 | Mnr Antoon Coetzee<br>E-pos: vvvlim@saou.co.za<br>Sel: 083 301 4349 Faks: 086 556 4884 |



## WELKOM TERUG / WELCOME BACK

Die SAOU (Limpopo) verwelkom graag alle lede terug na die welverdiende breek in Desember. Ons vertrou dat almal veilig gereis het en uitgerus is vir 2015.

*The SAOU (Limpopo) wants to welcome back all members at the various institutions after a well-deserved December break. We trust that all members have travelled safely and are well rested for 2015.*

### *1.* MATRIEKUITSLAE / *MATRIC RESULTS*

Die SAOU (Limpopo) wil graag alle onderwysers en skoolbestuurspanne van harte gelukwens met die uitslae van 2014 se matrieks. Ons wil spesiaal melding maak van Pietersburg Hoërskool wat die toppresteerders in die provinsie opgelewer het.

2015 gaan nie 'n maklike jaar wees nie, maar die manne en vroue aan stuur van die kurrikulum in elke klaskamer dra die volle vertroue van die SAOU (Limpopo). Sterkte aan lede wat self ouers van matrikulante is in 2015 en saam gaan naels kou teen die einde.

Sterkte ook aan alle SAOU mammies en pappies, en oumas en oupas, wat hulle spruite vir die eerste keer vanjaar op die formele opvoedingsreis stuur.

*The SAOU (Limpopo) wants to congratulate all educators and school management teams with the results of the 2014 Matric exams. We do want to make special mention of Pietersburg High School who delivered the top achievers of the province.*

*2015 is not going to be easy, but the SAOU (Limpopo) has full confidence in the men and women taking charge of the curriculum in front of each classroom. We wish to extend special good luck to those members who are parents of matriculants of 2015.*

*We also wish lots of strength to the SAOU Moms and Dads, and grandparents, who will be sending their little ones on their first journey into formal education this year.*

## *2.* SAOU DAGBOEKE / *SAOU DIARIES*

Dean's het aan die einde van 2014 die SAOU dagboeke (A5) grootte aan die verspreidingspunte gelewer. Indien u skool nog nie die dagboeke gaan afhaal het nie, vra ons dat u dit sonder verwyl doen. Indien daar te veel of te min dagboeke afgelewer is, kontak asseblief vir Antoon Coetzee (sien kontaknommer bo) in dié verband.

*Dean's delivered the SAOU A5 diaries towards the end of 2014 to the various dispatch points. If your school has not yet collected it from those points, we urge you to do so without fail. If too many, or otherwise too few diaries have been delivered, please contact Antoon Coetzee immediately. (See contact info above.)*

## 3. IN MEMORIAM

Die SAOU (Limpopo) het met leedwese kennis geneem van die dubbelle slag wat die personeel, leerders en 'n ouerpaar van HTS Tom Naudé getref het. Mev Hettie Nel, opvoeder, en Anton Boshoff, matrikulant, van hierdie skool is beide onlangs aan kanker oorlede. Namens die SAOU (Limpopo), die provinsiale verkose leiers en alle lede wil ons simpatie betuig aan die families, vriende en kollegas van Mev Nel en Anton.

Die SAOU (Limpopo) het ook met leedwese kennis geneem van die afsterwe van die LUR van Onderwys: Limpopo, Me Thembisile Nwedamutswu, op Vrydag, 9 Januarie 2015. Ons simpatie met die familie en vriende is reeds gekommunikeer.

Die SAOU (Limpopo) wil hiermee 'n versoek rig tot lede om die provinsiale kantoor in kennis te stel van afsterwes van kollegas en/of hulle families. Kontakbesonderhede verskyn bo-aan die nuusbrief.

*The SAOU (Limpopo) noted with sadness the passing of two members of the HTS Tom Naudé family. Mrs Hettie Nel, an educator, and Anton Boshoff, a matriculant, both recently passed away due to cancer. On behalf of the SAOU (Limpopo), the elected executive members and all members, we wish to extend our heartfelt condolences to the families, friends and colleagues of Mrs Nel and Anton.*

*The SAOU (Limpopo) has taken note of the passing on of the MEC for Education: Limpopo, Ms Thembisile Nwedamutswu on Friday, 9 January 2015. We have already communicated our condolences to the close family and friends.*

*The SAOU (Limpopo) wants to invite all members to inform the provincial office of any passing on of colleagues and/or their families. The contact information is listed above.*

## *4.* OPERASIE KENNISBOU */ OPERATION KNOWLEDGE BUILDER*

Lede word net weer herinner aan die KAV opleiding wat gaan plaasvind op **17 Januarie 2015** te Hoërskool Pietersburg vanaf 09:00 vm tot 14:00 nm. Elektroniese registrasies is steeds oop, maar finale getalle moet teen Woensdag, 14 Januarie 2015 bevestig word. Sien SAOU Nuusbrief 27 en Limpopo Nuus in die Branding 41 van 2014.

**LET WEL: Opvoeders wat die opleidingsgeleentheid op 17 Januarie bywoon moet hulle KAV riglyn dokumente vir daardie spesifieke vak saambring na die opleiding. Dit sal gebruik word tydens die vakspesifieke opleiding.**

*Members are reminded of the CAPS training due to take place on **Saturday, 17 January 2015** at Pietersburg High School from 9:00 am to 14:00 pm. Electronic registration is open until Wednesday, 14 January 2015. Final numbers will be confirmed and sent to the venue thereafter. See SAOU Newsletter 27 and Limpopo Newsletter 41 of 2014.*

***PLEASE NOTE: Educators attending the training session on 17 January must bring their CAPS guideline documents for that specific subject with them. It will be used during the subject specific sessions.***